Stars' Last Game of the Season

Bidvest Wits vs Platinum Stars
When? **21 May 2011**
Where? **Bidvest Wits**
Time? **15h00**

In the meantime, Platinum Stars chairman George Khunou revealed that the club will keep Coach Owen da Gama for the 2011/12 season (16 May 2011).
Khunou, who has been at the forefront of creating an identity for the club formerly known as Silver Stars, says the culture of always rushing to change coaches after short spells should be avoided as it has proved disastrous for Dikwena in the past.
"This practice of always changing coaches is not healthy for the club and must stop. We have come up with a plan to ensure that we become a major force in the League and we do not want to disturb this process."
Da Gama took over as Stars coach for the second time at the beginning of the season following the departure of Steve Komphela.

PLATINUM STARS

Hoë Prestasie Krieket Konsultante

Die uitvoerende Hoof van NW Krieket, Jacques Faul, het aangekondig dat verskeie bekende oud Suid-Afrikaanse spelers Noord-Wes sal help om die prestasie op die veld te verbeter. Kepler Wessels, Clive Eksteen, Jimmy Cook asook Allan Donald sal kom help.
Die NW Krieket president Archie Pretorius het aangekondig dat NW Krieket werklik 'n poging gaan aanwend on beter op die veld te presteer, "Ons het goed gevorder in die ontwikkeling van die stadion as 'n voorkeur oefen fasiliteit vir alle spanne, maar ons wil nou op die veld wen".

Vodacom Schools Challenge

Modimola Primary School, winners of the Vodacom Schools Challenge

Potchefstroom – The Modimola Primary School from the Modimola village in Mafikeng was the proud winner of a 15-seater Toyota Quantum following a lucky draw which was held at the conclusion of SARU and Vodacom's Schools Challenge, which formed part of the competition's campaign of bringing rugby to the community.

SARU vice president James Stoffberg made the official handover of the minibus to the principal of Modimola Primary School, Thabo Alex Malebana, before the kick-off of the Vodacom Cup final between the Pampas XV and the Vodacom Blue Bulls at Profert Olën Park, Potchefstroom, on Friday evening, 13 May 2011. The Argentineans secured a 14-9 victory and claimed their maiden Vodacom Cup title.

"I would like to thank the South African Rugby Union, the Leopards Rugby Union, and Vodacom who have allowed us to participate in the Vodacom Schools Challenge," said Malebana.

Super 15: Week 13

Hurricanes vs Highlanders
In baie moeilike weersomstandighede in Dunedin het die Highlanders met hulle oorwinning van 13-6 oor die Hurricanes gesorg dat hulle nog in die wedloop is. Die heelagter Ben Smith moes met sy vertoning 'n paar regmerkies gekry het in die Nieu-Seelandse keurders se boeke met die oog op die Drie-Nasies en die Wêreldbeker later vanjaar. Smith het ook 'n skitterende drie gedruk. Beide die spanne het 'n loslootjie in ronde 14.

Reds vs Blues
In Brisbane het die twee spanne vir rugby uit die boonste rakke gesorg. Die Reds het verwoed begin en was gou voor met 24-0. Die Blues het egter gou tot verhaal gekom en terug geveg; hulle het die agterstand laat krimp tot 21-27, maar na 'n blaps deur die losskakel Stephen Brett, was dit neusie verby vir die Blues. Die Reds is seker een van die mees gebalanseerde spanne in die kompetisie wat betref hulle aanvallende spel en dan ook hulle verdediging. Die Reds wen hierdie taai stryd met 37-31 en die Blues verdien darem twee bonus punte vir hul moeite. Die Blues vat die Stormers aan in Auckland terwyl die Reds 'n loslootjie het.

Chiefs vs Stormers
Daar is 'n Engelse gesegde, "Never say never" wat so van toepassing was op die span van die Kaap. Hulle het gedink hulle gaan net opdaag en hierdie enetjie bêre... maar helaas. Rustyd was hulle met 20-3 voor en toe die droewige tweede helfte. Die Stormers het gelyk of hulle 'n laataand gehad die vorige aand, want hulle was die kluts kwyt in die tweede helfte. Oor hierdie verloor gaan hulle nog lang trane huil. Die wip van die bal was darem nie wragtig vir tagtig minute teen die Stormers nie. Hulle word geklop met 30-23 en kry darem een bonus punt. Die Stormers speel in ronde 14 teen die Blues wat seer sekerlik 'n baie harder affêre gaan wees as die Chiefs! Die Chiefs self het ook 'n harde neut om te kraak teen die Crusaders.

Lions vs Brumbies
Om in Australië te gaan wen na elf neerlae toon sekerlik karakter! Welgedaan aan die Leeus! Alhoewel, hulle sal baie harder moet werk teen die Waratahs in hulle volgende wedstryd om te bewys dat dit nie 'n vloekskoot teen die Brumbies was nie. Die huidige Brumbie span se spel peil is seker die swakste in hulle geskiedenis, maar die vreugde van die Leeu spelers moet nie gedemp word nie en hulle verdien die wen. Daar word nou baie bespiegel of Butch James in die nommer 10 gaan begin teen die Waratahs...

Bulls vs Rebels
Van die meet af het die Bulle inklim rugby gespeel en 'n blou golf het die Rebels huistoe laat verlang... en dit ook boonop hulle eerste besoek aan Loftus! Die Bulls het ses drieë in die eerste helfte gedruk en Wynand Olivier toon waarom hy 'n Springbok is. Hy word beloon met drie puik drieë. Die skopwerk veld af was oordeelkundig en dit is waar die Bulls getriomfeer het. Wat egter 'n kommerpunt moet wees is die feit dat daar 'n groot insinking in die Bulls se spel was in die tweede helfte. Die Rebels het baie skaafwerk wat voorlê as hulle nie die melkkoei in die kompetisie wil word nie. Daarenteen het die Bulle ook baie druk op hulle. Hulle pak die Sharks in Durban en dit gaan nie 'n Saterdagmiddag uitstappie wees nie! Die Haaie is gretig om die Stormers op die punteleër verby te steek, en soos in die verlede is daar geen genade verwag tussen die twee swaar gewigte nie. Die Sharks het 'n ruskans gehad en kan dalk bietjie verroes wees.
Vir beide spanne is hierdie wedstryd van kardinale belang, so 'n bulstryd word hier verwag!

Cheetahs vs Crusaders
In seker een van die Vrystaters se beste vertonings klop die manne van Bloemfontein die hoogaangeskrewe span van Kiwi land! Die Cheetahs het met passie die Crusaders ore aangesit. Hulle verloor Heinrich Brüssow vroeg in die wedstryd en 'n mens sou dink dat dit die Cheetahs sou ontwrig, maar helaas, 'n spanpoging soos min is gesien.

Twee name in die Cheetahs span wat sekerlik genoem kan word is die jong losskakel Sias Ebersohn, en die ratel taai Ashley Johnson. Sias Ebersohn – hierdie mannetjie gaan nog een van die bestes word! Op huidige vorm is hy in elk geval die beste losskakel in die land.
Sy skopwerk pale toe was vroeër nie op standaard nie, maar baie ure se toewyding op die veld het vrugte afgewerp. Hy skop nou dodelik pale toe en dit is een van die redes hoekom hy met soveel selfvertroue speel. Johnson het 'n skitterende wedstryd gehad en is beloon met 'n puik drie.

Hy is een van die ysters in die Cheetah pak. Die Vrystaters behaal 'n geskiedkundige oorwinning van 33-20, en die blikore speel in hulle volgende wedstryd teen die sukkelende Rebels in die rose stad.

Nag ou grote...